



# Verkenners en besluitnemers in politieke wisselordes

DR. HEINRICH MATTHEE

Intreerede as ereleerstoel in veiligheidsstudies, Akademia, Centurion, 28 Maart 2023

Dames en here

Baie dankie aan die stigters en direkteure van Akademia vir hulle pionierswerk. Baie dankie ook aan die akademiese hoof, professor Danie Goosen, die dekan van die Fakulteit Geesteswetenskappe, professor Pieter Duvenage, en die departementshoof van Sosiale Wetenskappe, Alida Kok.

My intreerede is 'n kaleidoskoop oor veiligheidsstudies wat ses keer gedraai word. Dit behandel 'n internasionale kennismeeeskap, 'n oop visier in perspektiewe en 'n Centurion-denkskool. Dit bekyk veiligheidsekonomie, veiligheid en diplomacie, en skuifkrag by beveiliging. Kortom, hoe kan ons 'n nuwe Afrikaanse veiligheidsstudies bedink, en hoe kan ons iets daarmee doen? Ná die ses fokuspunte probeer ek aan die einde luister na die hartklop van die vakgebied.

Ervarings verskuif jou horisonne. Ek het vanaf 2001 in Abu Dhabi vir 'n Emirati-sentrum in strategiese studies gewerk. Dit was tydens die aanvalle van 11 September 2001, die Amerikaanse inval in Afganistan in 2002 en die inval in Irak in 2003. As 'n Afrikaner ken ek die impak van vreemde imperialismes. Ek was dus snel en intuïtief teen die inval in Irak gekant.

Vanaf 2005 tot 2009 was ek werksaam in die hoofkantoor van Control Risks in Londen. Die internasionale firma verskaf veiligheidsdienste aan multinasionale maatskappye en regerings. Sommige van die antieke Grieke het gedink die gode het mense geskep om darem bietjie vermaak te hê, maar nie ten koste van die gode nie. Dit is soos ek gevoel het toe ek hoor die teenstander van die oorlog word by die firma aangestel as die politieke risiko-ontleder vir Iran en Irak.

Ná die omverwerping van Saddam Hoesein in Irak het sektariese geweld uitgebreek en misdaad deur bendes hoogty gevier. Voorheen was daar baie buurte van Bagdad waar Soenni- en Sjia-Arabiere en talle klein kultuurgroepes saam gewoon het. Ná die inval het geteikende moordaanvalle en intimidasie hierdie buurte baie meer homogeen gemaak. Soort het soort gesoek, desperaat, ter wille van groter vertroue, konsentrasie en veiligheid.<sup>1</sup>

Volgens my en ander se ervaring, verkies die meeste Wes-Europese kliënte in noodsituasies dat hulle beveiligers mense is wat etnies en taalgewys soos hulle is. Dit geld al sou daardie beveiligers uit ander Europese state met professionele veiligheidsmagte kom, soos Engelse of Franse beveiligers vir Duitse saken. Die denkskool oor menslike veiligheid of *human security* kan nie aan die weerbarstige werklikheid ontsnap nie. Elke menselewé tel. Konflik ontbloot egter ook die krag van voorkeur en vertrouesirkels in politieke ordes.

Die nagwind was koud deur die oop deur van die Puma-helikopter toe ons in Januarie 2007 laag oor Bagdad gevlieg het. Onder ons was die eueoue stad aan die Tigris en die Eufraat. Die skutter met die masjiengeweer was waaksam. Tydens die bloedige burgeroorlog was Bagdad vol milisies. Verskeie helikopters is al afgesket.

Terwyl die helikopter vlieg oor die palmbome, poorte en yl ligkolle van die stad, het ek gedink aan die biblioteek en kultuursentrum, die Huis van Wysheid. Dit is onder kalief Haroen ar-Rasjied in die agste eeu opgerig. Bagdad was destyds 'n sentrum van Arabiese en Persiese kuns en wetenskap.<sup>2</sup> Alle politieke ordes is wisselordes. Sowat vier eue later het Mongoolse hordes die Huis van Wysheid heeltemal verwoes.

In die week wat ons ingevlieg het, is 'n ander helikopter oorkant die rivier afgesket en in Februarie verskeie ander ook nog. Ongeag wat onder mense gebeur het, was die maan bo Bagdad daardie aand onverstoornlig lig in die donker hemel. Dit is nie toevallig dat sommige offisiere die Meditasies van Marcus Aurelius in hul rugsak pak nie.<sup>3</sup>

<sup>1</sup> "Sectarian cleansing in Baghdad neighbourhoods", Associated Press, 2 Maart 2006, <https://www.nbcnews.com/id/wbna11626296>. Die konflikverwante dodetal van burgerlikes sedert die inval beloop etlike honderdduisende mense. Sien ook Melvin Leffler, *Confronting Saddam Hussein: George W. Bush and the invasion of Iraq* (Oxford University Press: Oxford 2023).

<sup>2</sup> Albert Hourani, *A History of the Arab Peoples* (Faber&Faber: Londen 1991), ble. 33-35. Sien ook Homa Katouzian, *The Persians: Ancient, Medieval and Modern Iran* (Yale University Press: New Haven, 2010), bl. 74.

<sup>3</sup> Marcus Aurelius, *Meditations* (vertaler Martin Hammond) (Penguin Classics: Londen 2006).



## ‘n Kennisgemeenskap

Strategiese en veiligheidstudies se dosente en denkers verkeer gewoonlik iewers tussen twee pole op ‘n spektrum. Daar is die burgerlike akademici met beperkte praktiese ervaring. Sommige het tot gesaghebbendes in die vakgebied ontwikkel, soos Martin van Creveld, Lawrence Freedman en Beatrice Heuser. Dan is daar die praktisyne en oud-praktisyne en burgerlikes met heelwat praktiese ervaring in die weermag, polisie, intelligensiedienste of korporatiewe veiligheid. Basil Liddell-Hart, André Beaufre en Richards Heuer sou onder die talle voorbeeldwees.

Jaap Steyn vertel in *Ons gaan ‘n taal maak* hoe Afrikaans moeisaam oor dekades as akademiese taal opgebou is.<sup>4</sup> Hier wil ek graag ook aan twee emeritus-professore erkenning gee: Deon Fourie van Unisa het my en andere in die laat 1980’s in strategiese studies ingelei. Louis du Plessis het as direkteur van die Sentrum vir Militêre Studies by die Universiteit van Stellenbosch my in die laat 1990’s aan die diepkant van Afrika-studies laat induik.

Die studieveld berei studente voor as verkenners en besluitnemers oor veiligheidsake of strategie vir bedrywe, veiligheidsmagte en gemeenskapsorganisasies. Sommige studente is praktisyne wat reeds in rolle of organisasies gevorm is, en daarna hoër opvoeding in veiligheidstudies gekry het.

‘n Mens moet wel perspektief behou. Die Afrikaners, Iere, Jode en Amerikaners was dikwels sonder universiteitsopvoeding hoogsbekwame vegters teen Britse imperialisme. Christiaan de Wet, Michael Collins, Yitzhak Rabin en George Washington deel dié posisie. Sulke praktisyne het etlike veiligheidsinstellings en spesialismagte in Suid-Afrika tydens die 20ste eeu gebou. Lewenshoudings, ervarings, informeel verkreë kennis en Aristoteles se praktiese wysheid het hul eie waarde.<sup>5</sup>

Die groter politieke stelsel in Europa beleef volgens my sedert 2014 ‘n tydperk van interne veelgroei of multimorfose.<sup>6</sup> Demografiese omwentelings en fel ideologiese stryde gaan in die volgende dekades totaal ander kulturele en akademiese ordes binne Europa en Noord-Amerika skep. Totaal ander ordes.

Vakspesialiste behoort tot ‘n soort gemeenskap. Erkende professionele standarde, goeie reputasies, soortgelyke uitdagings en persepsies van betroubaarheid verbind hulle. Dit laat hulle toe om verskille in agtergrond en belang te hanteer. Afrikaanse vakspesialiste moet dink en werk om saam met geskikte ander akademici in Westerse lande ‘n nuwe kennis-onderneming of epistemiese gemeenskap te bou. Ons moet ons Afrika-kollegas ook nie afskeep nie. So ‘n kennis-onderneming is as sodanig van groot waarde. In politieke wisselordes het sulke netwerke ook ‘n kans op groter invloed en oriëntasie as die ander faal.

## Strategiese en veiligheidstudies

Veiligheidstudies word omskryf as die akademiese en toegepaste studie van internasionale en nasionale veiligheid en kwessies van konflik en vrede.<sup>7</sup> Dit word dan as onderafdeling van wêreldpolitiek of internasionale verhoudings as vakgebied beskou. Strategiese studies is ook ‘n interdissiplinêre vakgebied wat konflik en vrede bestudeer, dikwels naby die militêre wetenskap wat by militêre akademies aangebied word.

Kritici wat veiligheidstudies verkies voer aan dat strategiese studies as vakgebied te nou aan state en weermagte gekoppel is. Dit gee te min aandag aan hoe om oorlog te voorkom. Voorstanders van strategiese studies meen veiligheidstudies onderskat dit dat pogings om konflik te voorkom kan faal. Hulle huldig die Romeinse spreek: *Si vis pacem, para bellum*. Wie vrede verlang, moet vir oorlog voorberei.

Colin Gray is een van die denkers wie se werk ‘n brugfunksie verrig tussen veiligheidstudies en strategiese studies. Sy perspektief op groot strategie omvat militêre en vele niemilitêre middele.<sup>8</sup> Vir Gray is die geskrifte van drie denkers die wesenlike bronne om strategie te verstaan. Daar is *Die krygskuns* wat toegeskryf word aan die antieke Chinese Sunzi. Sunzi voer aan dat die beste benadering is om ‘n stryd so te voer en die slagveld so in te rig dat ‘n oorwinning reeds voor ‘n veldslag waarskynlik is. Daar is die antieke Griekse Thukidides, wat in *Die Peloponnesiese Oorlog* noem dat vrees, eer, en belang die hoofdryfvere in internasionale verhoudings is. Daar is ook die negentiende-eeuse Pruisiese Karl von Clausewitz, wat *Oor Oorlog* geskryf het.

Clausewitz se werk bly vars: Oor die spanning tussen oeremosies en polities-gedreve oogmerke tydens ‘n stryd. Of oor toeval, onsekerheid en newels tydens stryde, en die handelingsvryheid wat dit vir ‘n kreatiewe gees bied.<sup>9</sup> Praktisyne-denkers oor insurgensie, van T.E. Lawrence en Wladimir Lenin tot Mao Zedong en Roger Trinquier, stap ook in sy spore.

<sup>4</sup> J.C. Steyn, *Ons gaan ‘n taal maak: Afrikaans sedert die Patriot-jare* (Kraal Uitgewers: Centurion 2014).

<sup>5</sup> Pieter Duvenage, *Praktiese wysheid (fronesis) in ‘n verdeelde samelewing*, Litnet Akademies, Jaargang 10 volume 2 2013, <https://www.litnet.co.za/praktiese-wysheid-fronesis-in-n-verdeelde-samelewing/>

<sup>6</sup> Heinrich Matthee, “Europe’s seismic shift in 2014”, *World Politics Journal*, 12 September 2014 en “Europe’s Multimorphosis and Glocal Political Risk Analysis” in E. Akcaoglu, H. Bolsinger and R. Wehner (eds.), *Conference Proceedings: Managing Political Risks*, Würzburg Fachhochschule, 24-25 May 2018, bl. 67-75.

<sup>7</sup> Barry Buzan en Lene Hansen, *The evolution of international security studies* (Cambridge University Press: Cambridge 2009).

<sup>8</sup> Mackubin Thomas Owens: *Colin Gray: The strategist’s strategist*. Foreign Policy Research Institute. 8 Junie 2020, <https://www.fpri.org/article/2020/06/colin-gray-the-strategists-strategist/>.

<sup>9</sup> Carl von Clausewitz, *On War*, (vertalers M. Howard, P. Paret) (Princeton, Princeton University Press, 1976), bl. 89.



## ń Oop visier

Praktisyns lees met ń oop visier. Meriete en bruikbaarheid is vir hulle dan belangriker as ideologiese verwantskap. Constand Viljoen as beroepsoffisier en Nelson Mandela as voornemende guerrillaleier het in die 1960's soortgelyke boeke oor insurgensie en teeninsurgensie gelees.<sup>10</sup>

Daarenteen verkeer die vrye ruimtes by Westerse universiteite plek-plek in ń strategiese terugvalstryd. Daar is baie druk op akademici en besture om aan die regte stam van ideologiese eenogiges te behoort. *Die Heterodox Academy*, en naas Norris en Kaufmann te veel ander akademici, staaf die gevallen van sensuur, intimidasie en loopbaanskade.<sup>11</sup>

Danie Goosen skryf oor die magte wat die werklikheid as geskenkte, intrinsiek betekenisvolle geheel ontken.<sup>12</sup> Wat bied hulle in die plek daarvan? ń Hedendaagse uitdryf van andersdenkendes, van gedemoniseerde demone? Die groot kulturele Niks? Goosen se titel *Die Nihilisme* is hier toepaslikeer as ooit.

Louis du Plessis roer die kwessie aan in sy gedig "Ek is Charlie".<sup>13</sup> Dit verwys na die aanval van Islamitiese ekstremiste op die kantoor van die satiriese blad *Charlie Hebdo* in Parys in Januarie 2015 en die reaksie van mense daarop:

Ek is dié Charlie  
wat as méns met sy gode  
intiem verkeer  
én vryheid vereer.  
Dié Charlie wat  
daadwerklik weet  
elke behoefté  
het sy eie profeet.

Denkers in die skole van kritiese veiligheidstudies lewer soms geldige insigte. Een daarvan is hoe verskillende segmente in ń bevolking se verhale en ervarings van alledaagse (on)veiligheid kan verskil.<sup>14</sup> Die Kopenhaagse Skool kyk na die funksie van veiligheidsraamwerke om ń saak as ń veiligheidskwessie te benoem of te verswyg en rolspelers te legitimeer. Die Paryse Skool kyk watter mededingende begrippe van veiligheid in ń samelewing bestaan en hoe hulle die samelewing omvorm.

Van die denkraamwerke verklaar egter gebeure nie goed nie. Nasionalismes, ook van klein volke, is lank verdoem. Dit is egter die veggees van klein volke en die verguisde nasiestate wat deesdae die supranasionale Europese Unie beskerm. Andrew Linklater van die Aberystwythse Skool se werk oor kosmopolitiese burgerskap is nou nader aan wetenskapsfiksie en die stryd teen buite-aardse invallers.<sup>15</sup>

Oorlog en vrede is so oud en veelvormig soos Homeros se *Iliad* en menslike rotstekeninge. Veilighedstudies is egter gewortel in die kultuurformasies van die 20<sup>ste</sup> eeu. Dit spruit voort uit ń kort tydperk in die geskiedenis, in beperkte Westerse hoeke, onder ń redelik beskutte groep mense. Dit het dikwels ontwikkel in die konteks van Westerse nasiestate en Westerse demokrasieë.

Die dinamika van 54 state en meer as 2 000 kultuurgroepe in Afrika verskil ingrypend hiervan.<sup>16</sup> Politieke mededinging, politieke skikkings en post-konflikuitkomste verloop anders in sulke ordes. Ook water, voedsel, klimaat en landbou in unieke kulturele landskappe raak veiligheidsake. Die politieke, ekonomiese en geweldsmisdaad in die Kruger-wildtuin en omstreke laat die klippe uitroep. ń Romeinse spreek lui: *Ex Africa semper aliquid novi*: Uit Afrika altyd iets anders. ń Centurion-denkskool moet veiligheidstudies saam met strategiese studies en dissiplines soos Afrika-studies en toekomsstudies verken. Die denkskool kan ń unieke ruimte skep of inneem.

<sup>10</sup> Stephen Ellis, *External Mission: The ANC in Exile, 1960-1990* (Hurst: Londen); Nelson Mandela, *Long Walk to Freedom* (Abacus: Londen 2013), hoofstuk 42.

<sup>11</sup> Pippa Norris, "Cancel Culture Myth or Reality?" *Political Studies*, vol. 71 no. 1, ble. 145-174 en Eric Kaufman, *Academic Freedom in Crisis*, CSPI Report 2, Center for the Study of Partisanship and Ideology.

<sup>12</sup> Danie Goosen, *Die Nihilisme: Notas oor ons tyd* (Praag: Johannesburg 2007) en Danie Goosen, *Oor gemeenskap en plek: Anderkant die onbehae* (FAK: Pretoria 2015).

<sup>13</sup> Louis du Plessis, *Teen Helderberg* (Naledi: Gansbaai 2022).

<sup>14</sup> Columba Peoples en Nick Vaughan-Williams, *Critical Security Studies: An Introduction* (Routledge: Londen 2021), bl. 226.

<sup>15</sup> Vir 'n oorsig van die voorste denkers sien M. B. Salter (red.), C. Cohn, A.W. Neal, A. T. R. Wibben, J.P. Burgess, J. P., S. Elbe, J.L. Austin, J. Huysmans, R.B.J. Walker, O. Waever, M.C. Williams, E. Gilbert, P.M. Frowd, D. Rosenow, B.O. Martins, V. Jabri, C. Aradau, A. Leander, A. Bousquet, L. Hansen, "Horizon Scan: Critical security studies for the next 50 years", *Security Dialogue*, vol. 50 nr. 4 (2019), ble. 9-37.

<sup>16</sup> Sien Heinrich Matthee, "Keuses van klein groepe in Afrika: Enkele gevoltagekkings" in H. Matthee (red.), *Kultuurvryheid en selfbestuur: Keuses van klein groepe wêreldwyd* (Kraal Uitgewers: Centurion 2017), ble. 339-356.



## Veiligheidsekonomie

Die mensdom bevind hom tans in wat die Amerikaanse Frank Hofmann as die sewende militêre rewolusie bestempel.<sup>17</sup> Herkombinasies van vele tegnologieë en veiligheidstrukture skep nuwe moontlikhede. In die stryd tussen Rusland en Oekraïne neem dit die vorm aan van gevegsplatforms met datategnologie, gewapende hommeltuie, satellietkommunikasie en sensors. Dit word aangevul deur burgers wat met aangepaste mobiele fone foto's, videobeelde en teksboodskappe oor vyandelike magte stuur.

Die gebruik van robotika, biotegnologie en algoritmes is nie meer 'n randkwessie by veiligheidsake nie. Vraagstukke oor menslike besluitneming, outonome verdedigingstelsels en aanspreeklikheid sal opkom. Die handelingsvryheid van mense en hul begeerte om hul teenstanders te verras sal 'n rol bly speel. Die verskynsel wat Clausewitz "wrywing" noem, naamlik dat selfs eenvoudige planne moeilik kan word om in 'n stryd uit te voer, skuil digby.

Opvallend is die rol van private en kommersiële rolspelers op hierdie gebied.<sup>18</sup> Daarby is die huidige of latere moontlike dubbelgebruik van tegnologie moontlik. 'n Mens merk wel die impak van geopolitieke grondverskuiwings en kampe. Amerika se nuutste nasionale strategie is om China uit te sluit van toegang tot sekere sleuteltegnologie en Europa probeer inderhaas sy toegang tot seldsame aardminerale verbeter. China is intussen in hierdie wedloop tans die voorloper by etlike sleuteltegnologieë. Afrika en Suid-Afrika sal hieroor 'n arena vir mededinging wees.

Sommige rolspelers in Suid-Afrika streef deur nuwe mikro-kernreaktore groter energie-veiligheid en outonomie na. 'n Mens moet dan wel die veiligheidsrisiko's van verhoogde uraanverryking en moontlike proliferasie weens misdaad bereken.<sup>19</sup>

Die korporatiewe veiligheidsektor en energiebronne kan deel uitmaak van regerings enordes se veiligheidsketting, maar ook van nuwe kultuurformasies. Dit is al lank so: Abraham Matthee, die Matthee-stamvader aan die Kaap in die 1740's, was byvoorbeeld 'n lid van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) se Switserse regimenter. Die veiligheidsekonomie mag deesdae verrassende kanse en kombinasies vir opvoedingsinstellings bied.

Hoe help 'n mens gemeenskappe se leiers om by te hou by die nuwe tegnologiebranders? Deur watter organiese ontwikkeling, proefprojekte en gespreksforums sou rolspelers vorm kon gee aan 'n plurale veiligheidsekonomie? Kon 'n kommersiële veiligheidsekonomie wat gemeenskappe bemagtig mettertyd 'n politieke ekonomie omvorm?

## Veiligheid en diplomacie se wisselwerking

Die wisselwerking tussen wapenmagte en diplomate bou politiekeordes. Die African National Congress (ANC) en Umkhonto we Sizwe se stryd in die tydperk 1960-1990 was veral 'n veldtog van gewapende propaganda met internasionale diplomatieke steun. Artikel 235 van die Grondwet, 1996, oor selfbeskikking en die aanvanklike voortbestaan van Radio Pretoria is nie los te dink van die druk deur wapenmagte gekoppel aan onderskeidelik die Afrikaner Volksfront en Willem Ratte se Pretoria Boerekommando nie. Baie Zoeloes se druk teen 'n ANC-meerderheidsregering het verseker dat politici hulle wense oor grond en die koningshuis akkommodeer.<sup>20</sup>

Soos Hermann Giliomee oor die geskiedenis opmerk, die beste planne loop skeef, die onverwagte is die norm, en verskillende uitkomste is moontlik.<sup>21</sup> André Beaufre se werk oor totale direkte en indirekte strategie het baie aandag gekry in die SA Weermag van die 1980's. Die Westerse moondhede wat die magsoordrag in die 1990's gesteun het, het destyds bereken dat hulle belangte beter gedien gaan word deur 'n ANC-bewind. Dertig jaar later lyk dit asof die geopolitieke wenner van daardie magsoordrag China mag wees, die ANC se nouer bondgenoot. Chinese veiligheidskringe gebruik soms die denke van Beaufre as 'n opdatering van Sunzi.<sup>22</sup>

Nuwe geslagte onder Afrikaners vind reeds hulle weg, maar dit is sonder verskeie deurleefde ervarings en staatsmag tydens die Bosoorlog of Grensoorlog (1966-1990). Dit is wys om daardie ervarings in gedagte te hou by diplomacie en gemeenskapsveiligheid:

1. Die Afrikaners was 'n opgeboude internasionale rolspeler omdat hulle by tye 'n staat beheer het, eers by die Boererepublieke en later die RSA. As groep sonder 'n deel van die staatsmag, is hulle egter gereduseer tot die tientalle rolspelers wat wêrelwyd veral hulp vra en 'n paar skynbewegings uitvoer. Sal internasionale rolspelers se belangte in Suid-Afrika sonder sterke Afrikaner-instellings verrinneweer word? Wat het Afrikaners deesdae om te bied en waarmee kon hulle beding?
2. Daar was destyds verskillende denkriktigs oor die wisselwerking tussen veiligheid en handelskrag in die komplekse van streeksveiligheid in Afrika. In watter mate kan of moet 'n mens deesdae veel geringer ekonomiese bande en veiligheidshulp in dele van Suid-Afrika en Afrika gebruik om jou belangte te bevorder?

<sup>17</sup> F. G. Hoffman, "Will War's Nature Change in the Seventh Military Revolution?", *Parameters* vol. 47, nr. 4 (2017), ble. 19-31.

<sup>18</sup> Audrey K. Cronin, "Technology and Strategic Surprise: Adapting to an Era of Open Innovation," *Parameters* vol. 50, nr. 3 (2020), ble. 71-84.

<sup>19</sup> Science and Tech Spotlight: Nuclear Microreactors, U.S. Government Accountability Office, 26 Februarie 2020 <https://www.gao.gov/products/gao-20-380sp>.

<sup>20</sup> Vir h ontleding, sien Hermann Giliomee, *Die laaste Afrikaner-leiers: h Opperste toets van mag* (Tafelberg: Kaapstad 2012), hoofstukke 10-14.

<sup>21</sup> Hermann Giliomee, *Historikus: h Outobiografie* (Tafelberg: Kaapstad 2016), bl. 58.

<sup>22</sup> Tim Kumpe, "André Beaufre in Contemporary Chinese Strategic Thinking", *Military Strategy Magazine*, vol. 5 nr. 2 (Lente 2016), ble. 34-42.



3. Afrikaners sal die opgeboude kundigheid van 'n eiesoortige Westerse staatsweermag, polisie en intelligensie-gemeenskap nie gou weer beleef nie. Elemente daar bied wel aanknooppunte vir gemeenskapsveiligheid. Die opbou van spesialis-eenhede in die polisie wat oor distrikte heen saamwerk is so 'n aanknooppunt. Die militêre doktrines oor inisiatief, mobiliteit en ontwrigting van teenstanders is 'n ander.<sup>23</sup> Die studie van genl.maj. (afgetree) Roland de Vries, *Veiligheid vir gemeenskappe*, verskaf reeds een belangrike kompas.<sup>24</sup>

'n Mens moet nie gemeenskappe se steunkringe van veiligheid afskeep nie. Dit is egter die klein spanne van voltydse spesialiste, miskien volhoubaar deur 'n soort veiligheidsfirma, wat 'n groot verskil kan maak.

Van die Bosoorlog se geslag het ná 1994 dikwels voorlopers geword by 'n spektrum van organisasies, van bedrywe en denktenks tot die landbou en Flip Buys se Solidariteit Beweging.<sup>25</sup> Wanneer die Bosoorlog se geslag met al sy verskeidenheid en verskillendheid eendag weg is, sal die geslagte daarna hulle impak beter verstaan.

### *Plurale polisiëring en niestaatrolspelers*

Deesdae lyk kundigheid oor polisiëring en misdaadintelligensie belangriker as militêre mag vir gemeenskapsveiligheid. Die polisie en die weermag is twee eiesoortige instellings. Die onderskeid moet egter nie oordryf word nie. Die polisie in die meeste polisiemagte in Afrika, soos in die 1961-Republiek, was en is paramilitêr in opleiding en benaderings. Sommige misdaadgroepe se slaankrag is deesdae ook soos insurjente s'n.

Cooper-Knock skryf dat regoor Afrika kombinasies van individue, groepe en bedrywe betrokke is by die polisiëring van mense se alledaagse lewens en leefruimtes.<sup>26</sup> Die idee van "die polisie" binne 'n nasistaat met 'n monopolie oor geweld en landwye legitimiteit bots met die prosesse in politieke ordes in Sub-Sahara-Afrika. Waar sou veiligheid in Suid-Afrika gewees het sonder privaat en gemeenskapsbeveiligers van alle groepe?

Dit is gepas om weg te stap van die oorhoofse fokus op "die polisie" en eerder skeppend te dink oor plurale polisiëring en plaaslike polisiëring. Daar is uiteraard lede en kragkolle in die polisie vandag wat professioneel is. Die polisie as instelling in Suid-Afrika ly egter volgens navorsing al baie jare aan 'n legitimiteitsgebrek en minder as 50% vertroue onder burgers.<sup>27</sup>

Ná die 2021-opstande weet burgers en gemeenskappe dat hulle hulle noodgedwonge sonder politieke faksiesteun of die polisie self moet kan beskerm. Die aandrang dat polisiëring in Afrika-state volgens die Europese model van 'n monopolie vir die polisie moet verloop, bevorder eerder politieke misbruik of laat dit toe, voer Bruce Baker aan.<sup>28</sup>

Monique Marks en ander se gevallestudies dui reeds 'n dekade gelede aan hoe sekere gemeenskappe in Suid-Afrika die sleutelverskaffers van plaaslike polisiëring is.<sup>29</sup> Dit neem egter jare om veerkrachtige en professionele veiligheidsinstellings op te bou. Die verhouding met die polisie self sal ook kompleks wees.

Daar is wel 'n hele veld van studies as bedrywe of gemeenskappe inligtingstelsels vir vroeë waarskuwing wil uitbou. Gegewe die ANC se internasionale bondgenote en sterk misdaadgroepe, moet die teeninligtingstelsel dan ewe sterk wees as die inligtingstelsel.<sup>30</sup> Daarby verdien kennis van swart etniese tale en Afrika-studies aandag. Dit was een van die leemtes by die Bosoorlog se generasie en dit geld vir beveiligers én gemeenskapsdiplomate.

<sup>23</sup> Leopold Scholtz, "Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse militêre doktrine", *Litnet Akademies*, jaargang 16, vol. 2 (2019), <https://www.litnet.co.za/die-ontwikkeling-van-die-suid-afrkaanse-militere-doktrine/>

<sup>24</sup> Roland de Vries, *Veiligheid vir gemeenskappe* (Naledi: Gansbaai 2020)

<sup>25</sup> Flip Buys, *Die pad na selfbestuur: Anderkant die mislukking van staatsbestuur* (Kraal Uitgewers: Centurion 2019).

<sup>26</sup> S.J. Cooper-Knock, "Non-State Policing in Africa". *Oxford Research Encyclopedias*, September 2019. <https://doi.org/10.1093/acrefore/9780190228637.013.854>

<sup>27</sup> Benjamin Roberts, "South Africans have low trust in their police: Here's why", *Policing Insight*, 13 April 2022, <https://policinginsight.com/features/opinion/south-africans-have-low-trust-in-their-police-heres-why/>.

<sup>28</sup> Bruce Baker, "The Future is Non-State" in Mark Sedra (ed.), *The Future of Security Sector Reform*, Centre for International Governance Innovation, 2010, ble. 208-228.

<sup>29</sup> Monique Marks, Jennifer Wood, Julian Azzopardi, Thokozani Xaba, "Reconfiguring state and non-state actors in the provision of safety in South Africa: Implications for bottom-up policing arrangements and for donor funding", Melanie Wiber and Helene Kyed (eds.) *The Journal of Legal Pluralism and Unofficial Law* Nr. 63 (2011), ble. 49-71 op bl. 55.

<sup>30</sup> Richard Helms with Michael Wood, *A Look Over My Shoulder: A Life in the Central Intelligence Agency* (Random Books 2003), bl. 154.



## Afskrikking, skuifkrag en konsentrasies

Een van die grootste uitdagings vir 'n verspreide en klein groep bly die afskrikking van sterk bendes. Afskrikking berus op 'n kombinasie van vermoëns en 'n duidelike boodskap aan moontlike bedreigers – en aan diegene wat die besluitnemers kan beïnvloed.<sup>31</sup> Afskrikking is volgens Israeli-veiligheidsdoktrine nie noodwendig net een daad van wettige geweld en ander niegeweldadige aksies nie. 'n Reeks snel en afgemete stappe oor 'n tydperk kan nodig blyk te wees om nuwe gedragsnorme en spelreëls vir rolspelers te skep en te handhaaf.<sup>32</sup> In Suid-Afrika sal gemeenskappe wettige afskrikking verskillend en eksperimenteel beleef.

Klein relatiewe getalle, die tydsfaktor en 'n groot gebied beperk die beskikbare keuses by gemeenskapsveiligheid. Soms werk sake ook nie uit soos beplan nie. Skuifkrag teen teenstanders as dinge nie uitwerk soos beplan nie, bly dus belangrik, strategies, operasioneel en takties. By skuifkrag dink ek aan meer as aanpasbaarheid. Skuifkrag combineer aanpasbaarheid, beweeglikheid, slaankrag en 'n organisasie wat ingeoefen en ingerig is vir onverwagte wendings.

Niks mensliks is vreemd by veiligheidsoperasies nie. Daar is soms baie onaangename en absurde sake om te verwerk. Gevallestudies is daarom vol goeie en galgehumor. Die grappe gaan meestal oor die betrokke, sy makkers, die bevelvoerder, die vyand, of die situasie. Die versoeking is groot om meer hierop in te gaan.

Volgens Franse doktrine is enige veiligheidsoptrede wel 'n politieke handeling en gerig op 'n nuwe sosiale kontrak en vredesorde.<sup>33</sup> Die Duitse politieke wetenskaplike Wilhelm Hennis meen dat net 'n politieke rolspeler wat hom deur middel van bondgenootskappe kan verdedig, werklik selfstandig is.<sup>34</sup> Veiligheidshulp en ontwikkelingshulp aan andere was dwarsdeur Afrikaners se geskiedenis teenwoordig. Soms was dit as menslike hulp of stabiliseerder, soms as magsvermenigvuldiger. Die belangrikste vorm van veiligheidshulp en ontwikkelingshulp aan onself is egter om te konsentreer in gemeenskappe. Oorhoofse groot strategie sou dus ook kies vir skuifkrag en konsentrasie.

## Die hart van die saak

In 2004 het ek in 'n seminaar onder die titel *Die skadustaat in Afrika* 'n raamwerk uiteengesit. Daarmee kon 'n mens reeds die transformasie van die politieke orde in Suid-Afrika aan die hand van Afrika-studies en voortekens verstaan. Die seminaar was toevallig ook in hierdie Leriba-kompleks in Centurion. Tussen 2014 en 2019 het my verslae vir *South African Monitor* en Europese besluitnemers deurgaans genoem: Suid-Afrika het onder pres. Jacob Zuma 'n hibriede regime geword, 'n nuwe arena van nie-demokratiese en demokratiese rolspelers, prosesse en wisselwerking. Politieke intimidasie, moorde, faksiekartelle van selfverryking, sekere diskouerse binne die kultuurformasies, en 'n nou sosiale kontrak vir die ANC-elites oorheers.<sup>35</sup>

Die skadustaat het intussen nie verlig nie. Chabal en Deloz meen tereg baie Afrika-regimes duld die kragte van geweldsmisdaad of gebruik hulle om hul politieke teenstanders te verswak en die politieke orde in hulle guns te omvorm.<sup>36</sup> Die onlangse verslag van die Global Initiative against Transnational Organized Crime beskryf georganiseerde misdaad as 'n bestaansbedreiging vir demokratiese instellings.<sup>37</sup> My oordeel is eerder dat dit lankal onderdeel vorm van 'n hibriede orde. Die kombinasies tussen demokratiese en nie-demokratiese elemente verwissel per regering, maar nie die hibriede aard nie.

<sup>31</sup> Jeffrey H. Michaels, *Deterrence and War Initiation Decisions*, The Hague Center for Strategic Studies, Januarie 2022, <https://hcss.nl/wp-content/uploads/2021/12/05-Deterrence-and-War-Initiation-Decisions-HCSS-2022.pdf>.

<sup>32</sup> Thomas Rid, "Deterrence beyond the State: The Israeli Experience", *Contemporary Security Policy*, vol. 33 nr.1 (2012), pp. 124-147. <https://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/13523260.2012.659593?src=recsys>.

<sup>33</sup> Michael Shurkin, "France's war in the Sahel and the evolution of counter-insurgency doctrine", *Texas National Security Review*, vol. 4 nr. 1 (Winter 2020/2021) by <https://tnsr.org/2020/11/frances-war-in-the-sahel-and-the-evolution-of-counter-insurgency-doctrine/#article>.

<sup>34</sup> Ek is die Vlaamse akademikus Dirk Rochtus dankbaar vir die verwysing hierna in "Wilhelm Hennis was een buitenbeentje in het Duitse publieke debat", Doorbraak, 19 Februarie 2023, <https://doorbraak.be/wilhelm-hennis-was-een-buitenbeentje-in-het-duitse-publieke-debat/>. Sien ook "Wilhelm Hennis im Gespräch: Nun wollte ich sehen, wie der Staat arbeitet", Frankfurter Allgemeine Zeitung, 18 Februarie 2008.

<sup>35</sup> Heinrich Matthee, "South Africa's multipolar future and the ANC's hybrid regime", *Blickpunkt Südafrika*, Blaue Reihe Nr. 117, Deutsche Gesellschaft für die Vereinten Nationen, Berlin 2019, ble. 70-81; Heinrich Matthee, "The ANC's 'toxic legacy', factional struggles and a renewed hybrid regime", *South African Monitor*, Report IX, 2019.

<sup>36</sup> Patrick Chabal en Jean-Pascal Deloz, *Africa Works: Disorder as Political instrument* (Indiana University Press: 1999). Sien ook Jean-François Bayart, *The State in Africa: The Politics of the Belly* (Polity: Cambridge 2009).

<sup>37</sup> *Assessing South Africa's Organized Crime Risk*, Global Initiative against Transnational Organized Crime, September 2022, <https://globalinitiative.net/analysis/assessing-south-africa-organized-crime-risk/>.



Die prokureur, voormalige parlementslid en gemeenskapsleier, Schalk Pienaar, is op 19 September 2022 doodgeskiet.<sup>38</sup> Dit was naby die tuin, waar hy graag gewerk het en sy kleinkinders ontvang het. Ná die lesing oor die skadustaat in Afrika in 2004 het ek Schalk by die deur van die saal aangetref. Hy het gevra: "Hoe kan dit wees dat sommige mense nog nie besef hoe die politiek deesdae werk nie?" Ek het hom gevra hoe hy dink oor Afrikaner-sake. Hy het spontaan en swyend net sy regterhand op sy hart gesit. Dáár het niks verander nie.

Dít is ook die hart van die saak hier. Veiligheidstudies kan goeie idees bedink en slim strategie ontwerp. Alles daarvan kan faal. In die hart van veiligheidsake is egter 'n veel ouer bos met dieper wortels. Diegene wat al self hulle tente daar moes opslaan of snags 'n rivier moes oorsteek, verstaan iets van sy wispelturigheid en sy krag. Dáár word sogenaamde gewone mense ook verkenners en besluitnemers in politieke wisselordes.

Ons wil graag vreedsaam en veilig naas andere in suidelike Afrika leef. Ons is bewus van ons swakhede en sterkpunte. Tog weet ons diep binnekant: Om te lewe verg 'n weerbare houding. Die houdings van Leonidas en sy Spartane in die Slag van Thermopulai teen 'n groot oormag gryp nog steeds die Westerse verbeelding aan.<sup>39</sup> 'n Amerikaanse film oor *The Last Samurai* tussen verganklike bloeisels beweeg baie Japannese tot tranе.<sup>40</sup> Zoeloe-kore besing die waagmoed van die impi's. Die Vikings wou altyd die vyand se oorwinning deur 'n grap bederf, skryf Tom Shippey in *Lachend naar Walhalla*.<sup>41</sup>

Ná die val van Bloemfontein voor Britse magte vra twyfelaars pres. M.T. Steyn hoe lank hy nog gaan voortveg, en hy antwoord: "Tot ek my Gideonsbende het." Ook stiltes dra die boodskap van Bart Nel: "My kry hulle nooit ... ek is nog hy".<sup>42</sup>

Harte en houdings vorm 'n kultuur in krisistye. Een namiddag in Maart 1988, baie paaie gelede, lees ek die vredemaker Albert Schweitzer raak. Om my is die son, stof, miere en doringbome van Rundu se operasionele gebied. Schweitzer sê: Alles wat lewe bevorder, is goed.

'n Ereleerstoel is nie 'n troon nie maar 'n taak. Wat is die geestelike bronne, die klein en groot liefdes, die houdings van óns leef-orde? Wie dít versorg, kan aanhou werk en skep en veg en lewe.

*Jou tyd kan jy nie kies nie, net maar werk  
asof daar eendag iemand hier  
'n laning goue populiere aan sal plant  
en drie geslagte Nuwejaar sal vier  
in Afrikaans.*

Ek dank u.

<sup>38</sup> Marietie Louw-Carstens, "Geregtigheid was belangrikste vir vermoorde prokureur van Mokopane", Netwerk 24, 22 September 2022, <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/aktueel/geregtigheid-was-belangrikste-vir-vermoorde-prokureur-van-mokopane-20220921>.

<sup>39</sup> Tom Holland, *Persian Fire: The First World Empire and the Battle for the West* (Doubleday: New York 2006).

<sup>40</sup> Jayson Chun, "Learning Bushidō from abroad: Japanese reactions to The Last Samurai", International Journal of Asia Pacific Studies, vol. 7 nr. 3 (September 2011), ble. 19-34; Tsunemoto Yamamoto, *Bushido: The Way of the Samurai* (Square One Publishers 2001) en Musashi Miyamoto, *The Book of Five Rings* (Shambhala 2012).

<sup>41</sup> Tom Shippey, *Lachend naar Walhalla: De heroïsche dood en de Vikingen* (vertaler Roelof Postuma) (Uitgeverij Omniboek: Utrecht 2021), ble. 42-44.

<sup>42</sup> Jan van Melle, *Bart Nel* (J.L. van Schaik Beperk: Pretoria 1977), bl. 199.

<sup>43</sup> Heinrich Matthee, "Boekensteynfontein" in Angelique van Niekerk, H.P. van Coller en Bernard Odendaal, *J.C. Steyn en Afrikaans: 'n Viering* (Sun Media: Bloemfontein 2019), bl. 47-48.vzvv